Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 12 Des. 1945. No. 5.

# V.S.A. Leen Elfhonderd Miljoen Pond aan Brittanje

## *Sterling-Gebiede Word Afgeskaf*

***Die Verenigde State van Amerika het ingewillig om £1,100,000,000 aan Brittanje te leen. Daarvan is £937,500,000 bestem vir handelskrediet en £162,500,000 as volle en finale vereffening van al Brittanje se skuld onder die hoof: Bruikleen en aanverwante sake.***

***Die lening dra twee persent rente en is terugbetaalbaar oor 'n tydperk van 50 jaar met aanvangsdatum 31 Desember 1951. William Clayton, Amerikaanse onder-minister van Buitelandse Sake, het verklaar dat Brittanje altesaam £1,490,000,000 sal moet terugbetaal. Dit beteken £35 miljoen jaarliks.***

***Brittanje het op sy beurt onderneem om binne 'n jaar, nadat die Amerikaanse Kongres en die Britse Parlement die lening bekragtig het, alle geblokkeerde sterling-balanse vry te stel.***

### DIE BETEKENIS VAN DIE LENING

Die ondertekenaars van die ooreenkoms, wat met hierdie lening bereik is, hoop en vertrou dat die volgende voordele daardeur behaal sal kan word, nl. dat

- Brittanje se ekonomie sal herleef, want die lening stel hierdie land nou in staat om goedere en dienste van die V.S.A. aan te koop; om die tekorte in sy betalingsbalans, in die oorgangstydperk na die oorlog, aan te suiwer; om 'n voldoende goud- en dollar-reserwe te handhaaf; en om die verpligtings van veelsydige handel na te kom.

- Aangesien vir die eerste keer 'n gemeenskaplike kode van billike reëls vir die internasionale handel daargestel is, dit 'n wêreldhandel en -geldstelsel, waarvolgens alle lande 'n veelsydige handel kan voer, moontlik sal maak.

- Die nasionalistiese en selfonderhoudende handelsvorm beëindig sal word en die veelsydige handel herstel sal word.

- Die ekonomiese opdeling van die wêreld uitgeskakel sal word en die gevaar van die totstandkoming van ekonomiese blokke verminder sal word.

### KONFERENSIES

Die twee lande het besluit om voorlopige onderhandelings te voer met ander lande ten einde die weg te baan vir die uitvoering van die besluite waartoe hulle geraak het. Hierdie onderhandelings sal hoofsaaklik gaan oor die afbreek van handelsmure.

Die Britse regering moet reëlings tref met betrekking tot sy opgehoopte sterlingbalanse. Hy is voornemens om 'n deel van hierdie balanse onmiddellik vry te stel; 'n deel vanaf 1951 paaiementsgewyse vry te stel; en die res te gebruik vir die betaling van na-oorlogse skuld.

Teneinde die vraagstukke betreffende die afbreek van handelsmure (insluitende ryksvoorkeur, -tariewe, -subsidies, sterlingbalanse, ens.) te besleg, sal Brittanje vroegtydig 'n Rykskonferensie oor handelsake moet belê.

Die verwagting is dat aanstaande jaar in Maart of April 'n Internasionale Handelskonferensie belê sal word, om sake wat die veelsydige wêreldhandel kan vergemaklik, te bespreek.

### KOMMENTAAR

Van Konserwatiewe kant word die ooreenkoms kwaai aangeval omdat dit 'n terugkeer tot die internasionale goudstandaard inhou en Brittanje die doeltreffende beheer oor sy volks-ekonomie gaan ontneem; omdat die afskaffing van sterlinggebiede die stabiliteit van sowel Brittanje as die Ryk ernstig gaan bedreig; en omdat die terugkeer tot die beginsel van geen diskriminasie in die handel 'n verbrokkelende uitwerking op die eenheid van die Ryk gaan hê.

Voorts word daarop gewys dat die ooreenkoms meebring dat Brittanje vanaf 1951 tot aan die end van die eeu maandeliks drie miljoen pond aan Amerika moet betaal. Dit is byna net soveel as die oorlogskuld-betalings na die vorige oorlog, wat Brittanje nie eers in staat was om vir 10 jaar vol te hou nie — wat nog te sê 50 jaar.

Daar is ook in die Verenigde State verset teen die lening. 'n Kongres-lid het ondersoek na Brittanje se „verborge bate" gevra voordat enige lening bekragtig word.

Die aanduidings is dat sowel die Amerikaanse Kongres as die Britse Parlement die lening gaan bekragtig.

# V.S.A.-BLAD SE RUSLAND STEEL UNRRA-VOORRADE

Op gesag van die katolieke blad America skryf Southern Cross:

„Die openbare mening in die V.S.A. t.o.v. Sowjet-Rusland word eerder ongunstiger as andersom. Dinge, soos bv. onderstaande begin bekend word:

die gedwonge uitlewering van vlugtelinge deur Amerikaanse soldate aan 'n byna sekere dood of slawerny in lande wat deur die Russe beheer word;

die openlike versowjetisering van Pole en die likwidasie van elke potensiële anti-Sowjetleier;

die onbeskryflike skrikbewind waaraan die Litause volk blootgestel is;

die brutale en roekelose verjaging enersyds en vernederende verslawing andersyds van miljoene Sudeten-Duitsers (insluitende anti-Nazi's) deur die vroeëre demokratiese Tsjeggo-Slowakye.

### *UNRRA-BEAMPTES EN SWARTMARK*

SAPA.-UP. berig dat dertien UNRRA.-beamptes geskors is en een Tsjeg tot 'n jaar tronkstraf gevonnis is weens swartmark-bedrywighede in die Britse besettingsgebied van Duitsland. Daarby is 600 UNRRA.-beamptes ontslaan, hoewel geen aanklagte teen hulle opgestel is nie.

Die verkragting van meer as 100,000 vroue, insluitende baie Nonne, in Hongarye deur die Sowjet-soldate; die diefstal van UNRRA-voorrade in Joego-Slawië, Dalmasië, Pole en die gebruik van hierdie voorrade om politieke doeleindes te dien."

# *Russe 'n Roofsugtige Volk*

„Rusland is 'n roofsugtige, agressiewe nasie en ek sidder as ek dink aan wat 'n Duits-Russiese vereniging onder die Kommunistiese banier vir die vrede van die wêreld kon beteken."

Hierdie uitlating is verlede week deur sen. James Eastland (Demokraat) in die Amerikaanse Senaat gedoen. Hy het aangedring op die daarstelling van 'n ekonomies sterke Duitsland wat as bolwerk teen Rusland kan dien.


„Tensy die Verenigde State sy sadistiese beleid teenoor hierdie gewese vyandelike volk laat vaar," het sen. Eastland gesê, „sal die Kommunisme in Duitsland posvat. Ons moet 'n nuwe program opstel wat die Duitsers bevrediging en vooruitgang sal verseker. In die dae van Nero is Christene laas so wreed behandel."

# Duitsers Mishandel Om Skuld te Beken

**Duitse amptenare van die Dachau-konsentrasiekamp wat tans „verhoor" word, het verklarings by die hof ingedien wat lui dat offisiere van die V.S.A. hulle mishandel het tydens ondervraging.**

Een Duitse amptenaar het verklaar dat hy sewe uur lank ondervra is. „'n Offisier van die Counter-Intelligence Service het my geslaan. Ek was veronderstel om te vertel hoeveel mense ek opgehang of geskiet het. Ek het gesê dat ek met 'n rein gewete kan getuig dat ek nooit iemand doodgemaak het nie. As gevolg van hierdie getuienis is ek met stokke en rubberslange geslaan totdat ek inmekaar gesak het."

'n Ander amptenaar, dr. Wittellen, het verklaar dat nadat hy vir 'n dag sonder kos moes bly hy vir sewe uur ondervra is. Die ondervraer het hom toegesnou: „Vark, leuenaar, moordenaar en skelm." Hy moes vir ses uur onder 'n verblindende lig staan.



*Kaapstadse Vrouewag Marsjeer*

# Regters Besorgd Oor Misdaad-Toename

„Ek sal my bes doen om 'n einde te maak aan hierdie soort skollie-misdaad, wat alte algemeen word", het regter Sutton verlede Maandag in Kaapstad verklaar toe hy ene Ismail op aanklag van roof tot vyf jaar dwangarbeid en agt rottanghoue gevonnis het.

Regter Jones het Dinsdag verklaar dat Kaapse vroue senuweeagtig en bang is om, selfs gedurende die dag, alleen tuis gelaat te word as gevolg van die toenemende misdaadgolf in die Skiereiland.

„As lang vonnisse die toestand sal verhelp, gaan ek alles in my vermoë doen om 'n einde daaraan te maak," het die regter gesê.

Die regter het verwys na die ligte vonnisse wat magistrate oplê vir huisbraak. „Ek beskou 'n vonnis van een maand tronkstraf vir huisbraak as belaglik," het hy verklaar. „Tog is dit die niksbeduidende straf wat deur magistrate opgelê word vir hierdie ernstige misdaad."

### *HUISBRAAK WORD SAAK IN STRAFHOF*

Die Prokureur-generaal het opdrag gegee aan alle Randse openbare aanklaers om slegs voorlopige getuienis af te neem in diefstal- en huisbraak-sake. Hierdie getuienis moet aan hom voorgelê word en hy sal besluit of die saak in die Hooggeregshof of in die Magistraatshof verhoor sal word.

Regter Price van die Wes-Transvaalse Rondgaande Hof het verlede week volgehou om swaar strawwe op te lê vir veroordelings weens huisbraak en diefstal.

# Duitsers Mag Wel Partypolitiek Dog Nie Sport Beoefen

**Die Geallieerde Owerhede in Berlyn het Duitse sportklubs verbied om die volgende sportsoorte te beoefen: Boks; bergklim; jujitsu; roei; gewig-optel; draadloop; skaats; fietsry; veldsportnommers, en met seilskepe te vaar.**

**Hierteenoor het die Duitse politieke partye, wat in Geallieerde opdrag gestig word, opdrag gekry om monstervergaderinge te hou en op staatsgrondslag te organiseer.**

*Laat almal*
U PYP
VERWELKOM




REMBRANDT TOBACCO CORPORATION (Overseas) Pty. Ltd

## SOOS ONS LESERS DIT SIEN

### Trek Na Stede

Mnr. A. L. de Jong, Robertson, skryf:

Uit onlangse koerantmededelings blyk dat die kerkvaders besorgd is oor die volksverskuiwings grootstede-toe. Opgawes van die Kerklike Kommissie verstrek tabelle van die verskuiwings, wat, soos dit my voorkom, in geen van die aangegewe tydvakke, dus onder geen een van die verskillend regerende partye enigsins afgeneem het nie.

Dit sal my niks verbaas as my Kerk ook nog soos vrouebonde reeds gedoen het, genoop sal wees om op die kleiner wordende plattelandse bevolking 'n beroep te doen om fondse vir die oprigting van meer koshuise en sosiale saamkomplekke in die grootstede om die verskuiwelinge te kan huisves en pret te verskaf.

Dit wil my voorkom dat dit wenslik word dat enige van ons Kweekskoolstudente aangewys moet word om 'n intensiewe studie van die sosiaal-ekonomie te maak.

Dit wil ook blyk dat die Kerklike Kommissie wat tans ondersoek instel na die volksverskuiwing (die tweede trek), welgerade sal wees om vas te stel of die liggame wat fondse insamel om volksgenote bystand te verleen en of beleggingsmaatskappye geregtig is om aan ondernemende volksgenote geld te kan voorskiet vir die stigting van sekondêre nywerhede in plattelandse sentrums. Die Hoogeerwaarde Kommissie sal voor rare feite te staan kom, onder andere, dat ou gevestigde plattelandse nyweraars van 16 tot 20 persent agter is by die grootstedelike konkurrensie en, tensy verandering van staatsbeleid intree, ook genoop sal wees om grootstedetoe te verskuiwe en met nog 'n sleep van plattelanders agter hulle aan.

Die Kerk het en kry te doen met die gevolge van ons soort ekonomiese beleid.

### Demokratiese Diktatuur

Mnr. D. F. Meyer, Blomhoek, Tweeling, skryf:

Ek merk met verontwaardiging dat die Eerste Minister en leier van 'n demokratiese party in ons land nou die dag aan kommandante van die Nasionale Vrywilligerreserwe gesê het dat hy nou sal toelaat dat gewere aan betroubare boere verkoop word. Sover kan 'n imperialistiese demokraat gaan sonder om glo 'n diktator te wees.

Wie sou nou juis die sodanige betroubare boere wees? Ek veronderstel diegene wat te bang was om te gaan veg vir Stalin en die Asiatiese baasskap, en tuis gebly het om Afrikaners wat ontwapen was te vervolg en hulle wraak te koel met interneringskampe; en nou blyk dit daar is nog nie genoeg wraak geneem nie.

Ek vertrou ons volk se oë gaan oop, nou dat die sogenaamde demokratiese bewind hulle ware kleur wys.

(Volgens erkennings van afgevaardigdes op die Ver. Partykongres kan die soldate wat tydens die oorlog geveg het, ook nie meer deur die regering vertrou word nie.—Red.)

### Wraaksug Teen Duitsers

Mev. H. V. V. Kotzé, pk. Stoffberg skryf:

Graag wil ek u vra is dit dan nie moontlik vir ons kerke om protes aan te teken teen die handelwyse teenoor die Duitse leiers nie? Duitsland wat destyds in ons benoudheid die meeste hulp aan ons verleen het, of moet ons almal swyg? selfs as die leiers krag en hulp van Hom wat deur misdadigers opgehang is, soek, word hulle agtervolg en bespot. Is dit die vrede wat wêreldkundig gemaak is en wat die oorwinnaars die geleentheid bied om hulle te wreek op weerlose leiers van 'n volk wat bekend was vir sy sterke optrede teen Kommunisme? Tereg sê die Bybel die Antichris is al aan die kom, net hy wat hom teëhou, moet uit die weg geruim word. Ons as oorblyfsel uit die martelaarskampe en tesame met die 26,000 vroue en kinders roep: hoe lang nog o Allerhoogste, voordat U ons regsaak verdedig teen die „Beskermer van klein nasies"?

„Ek was 16 maande in die kamp van die „Beskermer van klein nasies". Van 25 tot 30 lyke is op 'n dag grafwaarts gedra. Drie kerkhowe is in dié tyd aangelê.

*Geld wat stom is, moet regmaak wat krom is — sê die kapitalisme. Die verteenwoordigers van die volk se nerings of beroepe moet sorg vir bestaansveiligheid — sê die Ossewabrandwag.*

### Oud-Gevangene Se Dank

Die familie Ras, Bokfontein, pos Wolhuterskop, skryf:

Hiermee wil ons die kamerade in ons geledere van die Ossewabrandwag hartlik bedank vir hulle troue ondersteuning en bystand tydens die inhegtenisneming van ons broodwinner hoofkomdt M. N. Ras (Tienie). Vir sestien en 'n half maand was daar 'n donker wolk oor ons.

Tog het ons krag geput uit die verwesenliking van ons leuse „Een vir almal en almal vir elkeen".

My persoonlike dank en waardering wil ek uitspreek aan die Hoofkwartier van Gebied F. en die vroue hartlik bedank vir die opofferings, vir al die kos wat ontvang is tydens die aanhouding in die Empire-tronk.

Ons wil die Hoofkommandantskap van Brits hartlik bedank vir hulle troue bystand. Nog meer waardeer ons die opoffering wat gedoen is met die ontvangs tydens my ontslag uit die tronk.

My persoonlike dank wil ek uitspreek aan gebiedsgeneraal Van der Westhuizen, genl. Behrens en genl. Smith.

Die stempel wat u afgedruk het in u besielende toesprake en die warme handdrukke wat ek ontvang het van elke kameraad en vriend, het die oortuiging laat herleef dat in geen ander organisasie die leuse van een vir almal en almal vir elkeen tot in die volle sin van die woord kan uitgeleef word soos in die Ossewabrandwag nie.

Met die skyn van onweerswolke wat lyk of dit wil verbytrek, maar wel vir ons groot probleme besorg, staan ons vas berade agter die leiding van ons K.G. en Grootraad om ons gemeenskaplike volksideaal te verwesenlik.

Hierby bied ek weer my dienste aan net waar ons leiding dit nodig vind om my te gebruik.

Met hartlike O.B.-groete vir 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar aan elkeen.

TIENIE, ANNA en JANNIE RAS.

### Beginsel Van Saamstem Oorboord

**Nadat Frankryk hardnekkig geweier het om sy toestemming te verleen dat Duitsland as 'n ekonomiese eenheid bestuur moet word, het Amerika hom verlede week in kennis gestel dat daar oorgegaan sal word tot die invoering van 'n sentrale administrasie vir die hele Duitsland ondanks die Franse houding.**

By die ooreenkoms oor die verdeling van Duitsland is bepaal dat al vier die besettingsmoondhede hul goedkeuring aan maatreëls moet heg. **Die Amerikaanse houding beteken dus nou 'n afwyking van die eenstemmigheidsbeginsel wat ook in die statute van die nuwe volkebond opgeneem is.** Van laasgenoemde het Eden, voormalige Britse minister van buitelandse sake onder die Churchill-bewind, reeds gesê dat dit 'n fout was om aan 'n grootmoondheid die reg te gee om in die laaste instansie self te besluit of hy 'n maatreël van die Verenigde Volke aanvaar of nie. In die roes van oorwinning het die leidende politici in die Westerse lande 'n sonderling naïwe vertroue in mekaar — en veral ook in die goeie bedoelings van Rusland geopenbaar. Die harde werklikheid van magspolitiek bring hulle met geleidelike skokke terug na nugterheid.

# Jeugveldkt. Killie Theron Oorlede

## „Sy Dagtaak Was Vir Hom Ook Volkstaak"

**'n Tragiese ongeluk het Saterdag sy skaduwee gewerp oor die Boerejeuglaertrek wat gehou word op die plaas van hfgenl. Max Smuts in Franschhoek. Cornelis (Killie) Theron, 18-jarige seun van mnr. en mev. Pieter Theron van Bellville, het omtrent vyfuur die lewe gelaat terwyl hy saam met sy maats in die dam geswem het. Volgens die geneesheer is die dood te wyte aan hartkwaal wat ten gevolge van die verstolling van bloed in een van die are ingetree het.**

Killie Theron het een keer deur die dam geswem en op die wal aan die oorkant gaan sit. Daarna het hy weer ingeduik, sonder om weer na die oppervlakte te kom. Sy maats het net sy hande bo die water gesien. Hulle het dadelik 'n tou gevorm om hom uit die water te haal. Kunsmatige asemhaling is toegepas, maar dit blyk dat hy reeds dood was toe hy uit die water gehaal is.

Killie Theron het so pas die Senior-Sertifikaat-eksamen afgelê en was van plan om later na die Kweekskool op Stellenbosch te gaan.

**Die oorledene was Boerejeugveldkornet en stafdraer van die Kaapstadse O.B.-Blaasorkes.**

Die begrafnis het Sondag met O.B.-eerbewys plaasgevind vanuit die N.G. Kerk, Bellville. Die diens is gelei deur ds. J. H. Steenkamp, wat 'n treffende rede gehou het na aanleiding van Genesis 42 : 30. Sy eerwaarde het o.a. ook gemeld dat die oorledene 'n Sondagskoolonderwyser was en vir predikant wou studeer. 'n Gebed is gedoen deur ds. H. R. Cillié, terwyl prop. D. J. du Toit by die graf voorgegaan het.

**In die kerk het twee Boeredogters wag gestaan by die kis waarop die oorledene se rangband geplaas was. Drie Boerejeug- en drie O.B.-waglede in uniform het as draers opgetree.**

'n Skare van meer as 600 het onder die speel van die dodemars deur die O.B.-blaasorkes, waarin die oorledene die hoedanigheid van stafdraer beklee het, die lykstoet gevorm. Agter die doodkis het die verskillende O.B.-afdelings in gelid gevolg.

By die graf het Gebiedsgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl hulde gebring aan die oorledene.

**Genl. Van Zyl het gesê dat die oorledene in sy kort leeftyd van 18 jaar, diens gelewer het aan sy huis, sy medemens en aan sy volk. Hy was van voorneme om in die kerkbediening te gaan, waardeur hy ook sy volk sou dien. Sy dagtaak was vir hom ook 'n volkstaak en dit het hom karakter gegee. Daaruit is ook vir ons 'n les te leer, want dit is die gesamentlike karakter en vermoë van elkeen van ons wat die karakter en vermoë van ons volk vorm.** Spr. het melding gemaak dat die oorledene kort gelede aan sy moeder gesê het dat hy nie meer lank sal lewe nie; nogtans het hy getrou aan sy diens gebly tot aan sy einde.

**By die neerlating van die kis het genl. J. A. Smith op saluut gestaan, onderwyl die slotsein geblaas is deur die orkesleier, komdt. S. J. Swanepoel.**

Afdelings van die Boerejeugen O.B.-wag, sowel as die orkeslede, wat ook met die sang begelei het, het 'n erewag om die graf gevorm.

'n Groot aantal kranse is gelê.


MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG
KOOP NOU!
Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad
Werda Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang
Beste heersende pryse
MINNAAR EN VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF

SKILFERS



MOENIE U AANTREKLIKHEID BEDERF NIE
Raak ontslae van daardie lastige skilfers deur middel van
VOORSLAG-SKILFERMIDDEL
4/- Posvry van
VOORTREKKER-APTEEK
Kerklaan — Kaapstad (1)

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

WIL U GRAAG MAKLIKER BOER?
B.-K.-K.
IS U BESTE VRIEND!
Skrywe dadelik in vir die B.-K.-K. se KORRESPONDENSIE-KURSUSSE in:
- BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)
- BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)
- DUIWEBOERDERY £3 kontant (of £5 op terme)
- HOUTWERK TUIS £5 kontant (of £7 op terme)
- PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)
- VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!
Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)
DIENS!
As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.
Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:
PRINSIPAAL
BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
POSBUS 180 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 12 DESEMBER 1945.

# Nader Aan Mekaar

Nadat verskeie leidende figure in die H.N.P., o.a. mnr. C. R. Swart, dr. Karl Bremer en mnr. Paul Sauer hulle baie duidelik uitgelaat het oor die tekortkominge van die parlementêre stelsel, is dit nie meer duidelik watter beginselbeswaar daar nog teen samewerking met die Ossewabrandwag kan bestaan nie, net soos dit nie duidelik is op watter grond H.N.P.-leiers kan beweer dat die Ossewabrandwag se pad doodgeloop het nie — behalwe as daarmee bedoel word dat die partypolitici nou bereid is om die O.B.-beleid oor te neem.

Die H.N.P.-leiers beweeg in elk geval nou weer in die rigting van die O.B.-standpunt — en nie net hulle nie, maar ook mense van die Verenigde Party bepleit 'n hervorming van die parlementarisme. Dit beteken egter nie dat die O.B. se taak nou afgehandel is nie; **dit beteken net dat die O.B. groter vrug op sy stryd sien as wat ooit verwag kon word. Ons standpunt dat die parlementêre regering 'n klug is, word reeds deur parlementariërs self erken, en dr. Malan sal moeiliker samewerking met die O.B. in die toekoms kan verwerp op grond dat hy die parlementarisme wil vernietig.**

### DRUIWE VAN DISTELS

Hulle praat egter nog maar net van hervorming van die Britse produk. **Hulle probeer dus ook die vrugte aanbied wat die O.B. voorhou, maar hulle wil dit pluk van 'n doringstruik.** In die woorde van mnr. Swart heet dit dat parlementslede deur die koukus toegelaat moet word **„om in kleinere sake volgens hul oortuiging te stem".** In groter sake moet hulle saamstem. Ons het reeds hierop geantwoord dat as dit skadelik is om in kleinere sake teen die beterwete te stem, dit nog meer skadelik vir die land is as daar in groot sake teen die beterwete gestem word. **Dit is baie nadeliger vir ons volk as 'n Sap-lid gedwing word om teen sy oortuiging in verband met die kleurvraagstuk te stem as wat dit is as hy teen sy oortuiging stem in 'n maatreël oor kruiedokters.**

**Die oplossing lê dus in die algehele afskaffing van die parlementêre stelsel, wat op onderlinge stryd berus.** En dit is waarvoor die O.B. hom beywer in sy stryd vir die daarstelling van 'n volksfront waar die volksverteenwoordigers gekies word volgens verdienste in plaas van partytrou, en dus volgens opdrag van hul kiesers of hul gewete kan stem.

### GEEN BURGEROORLOG

**Maar dit bring mee dat ook ons wetgewing op 'n grondslag van samewerking moet geskied in plaas van burgeroorlog, soos dit vandag die geval is onder die partystelsel met sy opposisie en regering.** Dit kan verkry word enersyds deur regstreekse verteenwoordiging van die kiesafdelings in plaas van deur middel van politieke partye as agente, en andersyds deur die inskakeling by die landsbestuur van die natuurlike en noodsaaklike groepe in die volkslewe soos die verskillende bedrywe.

In elk geval is dit duidelik dat die Afrikanervolk weer in dieselfde rigting begin dink, en volkseenheid sal binnekort weer moontlik wees wanneer ook dr. Malan weer saam met ons, soos in 1941, van die parlementêre stelsel sal sê dat hy „geen beswaar het dat dit weggeveeg word nie".

**As ons volk en ons leiers hulle oor die komende feesdae maar 'n bietjie wil ontklee van hul politieke wapenrusting soos in 1938, mag ons die nuwe jaar miskien met baie groter eensgesindheid binnegaan.**

# Die Troos

Almal stem saam — ook die regeringspers — dat die misdaadgolf in ons land alleen gestuit kan word as daar ook meer polisie kom. Die regering het vir sy dwase oorlogvoering 2,000 konstabels uit die polisiemag gedwing om by die leër aan te sluit. **Verlede week is deur die vorige Minister van Justisie verklaar dat die Polisiemag reeds voor die uitbreek van die oorlog 'n tekort aan 2,000 man gehad het. Nogtans het die regering met hierdie feite voor oë 2,000 konstabels in die leër gedwing.** Intussen is honderde ander uit die polisiemag ontslaan weens hul politieke oortuigings. Honderde ander het hul ontslag gekoop omdat hulle nie meer kans gesien het om in 'n tyd van inflasie, **waar die pond, volgens 'n kabinetsminister, tot 11s. in koopkrag gedaal het, uit te kom met 'n loon van 8s. 4d. per dag nie.**

Teen die helfte van verlede jaar is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die toestand in die staatsdiens. Ook die salarisse van die polisie sou in aanmerking kom. In sy hoë nood het die Minister van Justisie telkens die vermoede uitgespreek dat die kommissie dalk 'n voorlopige verslag oor die polisiemag kon publiseer. **Na byna 18 maande is die kommissie blykbaar nog nie in staat om vas te stel of 8s. 6d. 'n bestaanbare salaris is en of die land bankrot sal raak as daar iets hierby gevoeg word nie.** En te oordeel na wat met vorige kommissies van ondersoek geword het in die Departement van Justisie, is dit bes moontlik dat die verslag van hierdie kommissie uiteindelik ook nog verwys sal word na 'n tweede kommissie van ondersoek.

Die onbeholpenheid van die partypolitieke demokrasie is eenvoudig verbysterend!

Intussen koester die polisiemanne gee illusies oor die moontlike verhogings nie. „Dit sal maar 'n paar kafferhalfkrone wees," het een jong konstabel verlede week sy wantroue gelug, en bygevoeg dat hy in elk geval oor 'n paar maande sy ontslag gaan koop.

**En te midde van hierdie krisis waar 'n regter al moes konstateer dat vroue in die stede vandag in 'n toestand van voortdurende senuweespanning leef, is die enigste troos wat die publiek van kabinetsministers ontvang, die belofte dat „Suid-Afrikaanse oorlogsmisdadigers" tans opgespoor word en eersdaags tot verantwoording geroep sal word vir wat hulle drie, vier jaar gelede teen die oorlogspoging sou gesondig het!**

# RYKSVOORKEUR — EN SY BETEKENIS VIR S.A.

## Aan Kortste Ent

(Deur ons Ekonom iese Medewerker)

**Gedurende die afgelope aantal maande is veel geskrywe en gepraat oor Ryksvoorkeur, veral aangesien hierdie stelsel skynbaar 'n krisispunt in sy bestaan bereik het. Onder andere het ook Minister J. H. Hofmeyr na Londen gegaan om daaroor te gesels. En die vraag ontstaan nou, wat omvat hierdie Ryksvoorkeur presies?**

Onder Ryksvoorkeur word bedoel die voorkeur wat deur die verskillende dele van die Britse Ryk wederkerig verleen word aan invoere wat uit die Rykslande kom, deur middel van verminderinge in die invoerbelasting wat sulke invoere moet betaal. Bo en behalwe hierdie kortings op invoerregte, maar in noue samehang daarmee, kry ons natuurlik ook nog die voorkeur wat om sentimentele redes aan goedere van Britse oorsprong gegee word.

### OORSPRONG

In Suid-Afrika dateer die beginsel van Ryksvoorkeur in die vorm van voorkeurtariewe van invoertariewe reeds van die begin van die 19de eeu af, toe **Britse goedere wat ingevoer is maar 3% van hul waarde (ad valorem) as invoerbelasting moes betaal, teenoor 10% in die geval van ander buitelandse goedere.** Gedurende die 19e en 20ste eeu is hierdie stelsel steeds ontwikkel en bestendig. In 1919 het Brittanje ook die beginsel van Ryksvoorkeur aangeneem, en is rabatte toegestaan op die invoerregte wat betaalbaar was op die volgende produkte wat Brittanje vanuit Rykslande binnegekom het; — tabak, horlosies, tee, wyn, brandewyn, suiker, ens.

### OTTAWA

Dit was egter veral in 1932 dat die Ryksvoorkeurstelsel 'n sterk inslag gekry het toe ministers van die Rykslande in Ottawa vergader het om die moontlikhede van 'n uitbreiding van die intra-imperiale handel te bespreek. 'n Verlaging van die tariefmure binne die Gemenebes sou 'n voorvereiste wees. In die handelsooreenkomste wat hieruit voortgevloei het, het Brittanje belowe dat alle dominiale produkte wat voorheen onbelas ingevoer kon word dieselfde voorregte in die toekoms sou geniet. (Brittanje was voor 1932 min of meer 'n vryhandelsland. In daardie jaar is die beginsel van beskerming aanvaar.) Hy sou nuwe belastings hef op goedere wat van buite die Ryk kom, en ook die invoer van sekere produkte, veral vleis, uit sulke gebiede beperk.

### HANDELSVERDRAE

Op die Imperiale konferensie is handelsverdrae gesluit tussen die Unie en (1) Groot-Brittanje en Noord-Ierland, (2) die Ierse Vrystaat, (3) Kanada. **Hiervolgens word sekere invoere uit Suid-Afrika in genoemde lande teen voorkeurtariewe toegelaat, terwyl die Unie op sy beurt 'n lang lys van goedere van Britse, Ierse en Kanadese oorsprong òf vry toelaat òf die minimum doeanereg laat betaal.** Hierdie lys sluit al die belangrikste uitvoerprodukte van Brittanje in. Ook op produkte wat uit Nu-Seeland kom, word voorkeurrabatte toegestaan. **Op die konferensie is druk op Suid-Afrika uitgeoefen om die handelsverdrag met Duitsland van 1928 wat die moontlikheid van 'n uitbreiding van die voorkeur na Duitsland ingehou het, so te verander dat die moontlikheid uitgeskakel word. Dit het die Unie-regering dan ook gedoen.**

### GEVOLGE VIR S.A.

Wat was die resultate van hierdie ooreenkomste? In die eerste plaas moet daarop gewys word dat die Britse buitelandse handel baie verminder het sedert 1929. **Die persentasie van sy uitvoere wat na Rykslande gegaan het, het egter verhoog van 44.5% in 1929 tot 49.9% in 1938. In hierdie verhoging het Suid-Afrika as afsetgebied 'n besondere aandeel gehad. Terwyl die Unie in 1929 4.5 % van die Britse uitvoere geneem het, het die persentasie in 1938 verhoog na 8.4%.**

**Suid-Afrika is inderdaad Brittanje se beste klant. Ons invoere uit daardie land van gemiddeld £40 miljoen gedurende die periode 1935-39 is hoër as dié van enige ander individuele land.**

### OORHEERSEND BRITS

In 1925-29 was die bedrag gemiddeld £34½ miljoen. Voor Wêreldoorlog Nr. 2 het die Unie egter sy handel met Gebiede buite die Britse Ryk uitgebrei, sodat die deel van ons ingevoerde produkte wat van buite die Ryk kom, vergroot het, **hoewel die aandeel van die Rykslande, naamlik 54.4%, nog oorwegend is.**

Ook in die uitvoerposisie van Brittanje het die Imperiale voorkeur veranderinge teweeggebring. Groter hoeveelhede van sy lewensmiddele het nou uit die Rykslande gekom. Maar dit het veral vir Kanada, Australië en Nu-Seeland ten voordele gestrek. **Suid-Afrika het daarby min of niks gebaat nie. Terwyl Suid-Afrikaanse produkte in 1929 2% van die Britse invoere verteenwoordig het, was dit maar 1½% in 1938.** Die goud-invoere is nie hier bygereken nie. Maar vir die afset van goud is ons nie van die Britse mark afhanklik nie; **die V.S.A. was altyd bereid om onbeperkte hoeveelhede te koop.**

### VOORDELIG VIR ENGELAND

In die periode 1925-29 koop Brittanje van Suid-Afrika nie minder as gemiddeld £24 miljoen per jaar nie. In 1935-39 daal dit met 50%, naamlik tot om en by £12,000,000. Suid-Afrika stuur 51% van sy uitvoere (sonder goud) na Brittanje in 1925-29. Voor die Tweede Wêreldoorlog was die deel slegs 41%. Ook die aandeel wat die Rykslande in totaal in die uitvoerhandel van die Unie het, verminder van 65% tot 55%.

**Hieruit is dit dus duidelik dat die handel tussen Suid-Afrika en Brittanje besonder voordelig was vir laasgenoemde in die dekade net voor die oorlog. Hy het aan die Unie £40 miljoen se goedere per jaar verkoop en het van ons produkte (goud uitgesluit) ter waarde van slegs £16 miljoen jaarliks gekoop.**

### DIE GEVAAR

Vir Suid-Afrika was die Ryksvoorkeurstelsel voordelig insoverre ons vir die £12 miljoen se produkte wat wel na Brittanje uitgevoer is, moeilik ander afsetgebiede sou kon vind. Of indien ons wel markte sou kon kry, sou die pryse besmoontlik nie so gunstig gewees het nie. **Die nadeel, aan die ander kant, is egter dat ons ons tot so 'n mate toespits op Brittanje as afsetgebied vir sekere produkte dat indien laasgenoemde hom nie bereid verklaar om hierdie produkte te koop nie, die Suid-Afrikaanse uitvoerders in 'n besondere moeilike toestand beland. Dit is ook wat in alle waarskynlikheid in die nabye toekoms sal geskied.**

# Rus Het Geheim Van Atoombom Gekoop

'n Agent van die Russiese geheime diens, wat atoom-geheime in hande gekry het, woon glo nou al vir twee jaar in 'n New Yorkse hotel. Hy word dag en nag dopgehou.

Hierdie nuus is vervat in 'n vier-kolom berig wat in 'n New Yorkse Hearst-koerant verskyn het. **Na verklaar word het die agent atoomgeheime van Amerikaanse wetenskaplikes gekoop en is 'n pakkie met geheime deur die speurders in sy kamer gevind.** Hy is onlangs voorgekeer toe hy die land wou verlaat het.

Die Amerikaanse geheime polisie sowel as die Buitelandse Kantoor en die Russiese Gesantskap weier om enige kommentaar op die berig te lewer.

BOERE-NUWEJAARSFEES
op die plaas van Oom Andries van Coller,
HARTEBEESHOEK
(naby Pretoria). Veraf geleë vriende skakel met 2-8040.
Honderde kamp reeds die aand van die 31ste.
Kom sluit by hulle aan. Onderdak vir 250 mense.

NUWEJAARSDAG
**word fees gehou van SONOP tot SONONDER.**
Atletiek, Boeresport, Perdewedrenne, Kompetisies, Boeregeregte, Verversings ens. (Geen weddenskappe sal toegelaat word nie). Bring KOPPIES, EETGEREEDSKAP en u VRIENDE saam.

# MARTELING VAN DUITSE VROUE DUUR VOORT

**Die regering het nog glad nie sy onmenslike dreigement om Duitse vroue en kinders van die Unie na Duitsland te stuur, laat vaar nie. Vroue en kinders — onder wie talle wat hier gebore is — wat verlede jaar opdrag ontvang het om hul paar noodsaaklike stukkies klere in te pak vir, wat genoem word „repatriasie" na Duitsland, sit nog steeds en wag op die donkere toekoms. Hulle mans is ook nog altyd in die interneringskamp nadat die Europese oorlog reeds agt maande gelede ten einde geloop en die Duitsers in Duitsland selfs al tot die stigting van politieke partye en die hou van vergaderings oorgegaan het.**

'n Spesiale korrespondent van Die Vaderland berig as volg van wat hy in Suidwes waargeneem het:

Daar is 'n groep Duitse vroue op die plaas „A" wat om die een of ander rede onder huisarres verkeer. Talle moeders sit gereed op koffers wat sedert die eerste „repatriasie"-waarskuwing in Junie 1944 ingepak is.

**Elke paar maande of so word die koffers uitgepak, die kleertjies van die kinders wat intussen gegroei het, groter gemaak en saam met die ander 'n paar uur op die draad gehang om die muwwigheid daaruit te kry. Dan word dit maar weer ingepak.**

Daar is 'n „permit"-stelsel. Baie vroue is óf onder huisarres, óf onder plaas-arres. Dit is almal vroue van wie eggenote of ander bloedverwante op Baviaanspoort geïnterneer is. Die vroue van dorpenaars is onder huis-arres, dié van boere onder plaas-arres.

### VERVOLGING

As 'n vrou wat onder huisarres is, by voorbeeld vyf minute ná 8 nm. buitekant haar perseel gesien word en haar vasgestelde tyd om binne te wees, is 8 nm., moet sy voor die magistraat verskyn, word sy beboet en gewaarsku dat „strenger maatreëls" getref sal word. Bevreesd, ontmoedigd, gaan sy nooit uit nie. **As sy na 'n bioskoopvertoning wil gaan, moet sy 'n permit verkry. En dit 'n halfjaar ná die einde van die Europese oorlog.**

**Diegene onder plaas-arres word nie eens toegelaat om bure te besoek nie. In sommige gevalle is hierdie mense manne, in ander gevalle vroue. Hulle besoekure op die dorp word op die permit daarvoor beperk.**

### BAKBOORD NA STUURBOORD

Daar is die geval van mnr. „X" wat jare lank geïnterneer was. Nou is hy „vrygelaat" en onder plaas-arres. Sy een plaas „B" is sowat 200 myl van sy plaas „K". As hy van „B" na „K" wil gaan, moet hy na die dorp „Y" skryf om 'n permit. As verlof vir drie maande toegestaan word, moet hy na sy naaste magistraat op „N" gaan, aanmeld dat hy vertrek, op die plaas „K" by die naaste polisie (by „M") rapporteer (deur etlike myle van plaas „K" af verby te gaan), sy permit „gestempel" kry, en dan kan hy na plaas „K" gaan. As hy „K" verlaat, moet hy die polisie by „M" gaan spreek, sy „ontslag" verkry en hom by die magistraat op „N" aanmeld, waarna hy huis-toe mag gaan. Hierdie prosedure vind plaas elke keer wanneer hy na sy ander plaas wil gaan. Dieselfde regulasies is op vroue van toepassing.

### ALLEEN

Daar is die geval van 'n vrou op die dorp „Z". Om een of ander persoonlike rede het 'n sekere man haar by die polisie aangemeld. Sy is onder huisarres en ofskoon haar gesondheid nie van die beste is nie, mag sy nie na die kus gaan sonder 'n doktersertifikaat — wat sy om een of ander rede nie kan verkry nie. Toe sy 'n vriendin 'n paar uur van haar af op die plaas wou besoek, was 'n permit nodig.

**In baie gevalle is die vrou vingeralleen, daar haar man geïnterneer en haar kinders in 'n kosskool ver daarvandaan is. 'n Koeëlgeweer mag sy nie besit nie. Sy is vir persoonlike beskerming van die naturelle afhanklik. Sy moet alle plaaswerk, boerdery, herstel van windpompe en ander masjinerie self doen.**

Onder die Damokles-swaard wat dag en nag oor hulle hoofde hang, is daar Duitse vroue wat nog hulle man staan en volhard — in die hoop op genade, miskien. Sommige is selfs bereid om hulle kinders by vriende agter te laat, om hulle die foltering te bespaar wat wag. **Ander is vasberade om nie lewend in Europa aan te kom nie — hulle het gif versteek. Hulle is voornemens om dit te gebruik, indien nodig.**

# . . KRAP U KOP . .

### 'N LOSIESPROBLEEM

Die dorp was vol en die losieshuiseienaar het nog net vier kamers leeg gehad — twee dubbel- en twee enkelkamers. Toe daag daar 'n geselskap van ses mense op, 'n getroude paartjie, twee jong meisies en twee jong mans. Die vraag is op hoeveel maniere kon die losieshuiseienaar hulle huisves. Die getroude man en vrou het natuurlik in 'n dubbelkamer geslaap.

### WOORDOMBOUING

Dit is 'n interessante speletjie. Die doel is om een woord na 'n ander te verander deur elke keer een letter te verander. Die nuwe woord wat gevorm word moet 'n woord wees. Hier is 'n voorbeeld:—

Hoe om 'n MAN VET te maak:

MAN<br>
VAN<br>
VAT<br>
VET

Dit is natuurlik nie altyd so eenvoudig nie. Gewoonlik vereis dit 'n hele paar meer stappe as wat daar letters is wat verander moet word.

Probeer nou 'n VROU MOOI maak en 'n HAAN uit 'n EIER haal.

(Antwoorde op bl. 6.)

# Amerikaanse Biskoppe Praat Reguit

## Beesagtige en Geslepe Vervolging

**By geleentheid van hul jaarlikse vergadering in Washington het die Amerikaanse Biskoppe 'n waarskuwing gerig aan die Grootmoondhede teen die „verskriklike ramp van atomiese oorlogvoering" wat dreig indien die ideale vervat in die Atlantiese Handves prysgegee word. Die verklaring lui o.a.:**

„Die oorlog is beëindig, maar daar is geen vrede op aarde nie.

**„Sedert die Moskou-konferensie van 1943 het die Verenigde State, Groot-Brittanje en Rusland onderneem om vorm te gee aan die vrede wat hulle aan die nasies sou skenk. Hierdie vredes-patroon mond geleidelik uit die konferensies van die genoemde seëvierende nasies. Dit is uiters teleurstellend.**

### RUSLAND EN SY POPSTATE

„Rusland het op sy eie opgetree t.o.v. baie belangrike reëlings. **Die land het probeer om sy invloedsfeer uit te brei na Oos- en Suidoos-Europa en wel nie op grondslag van volle erkenning van soewereiniteit en regte nie, maar wel deur die afdwinging van sy eie soewereiniteit en deur die roekelose daarstelling van popstate.**

„In plaas van eerlike en bevrugtende bespreking, van selfs uiteenlopende planne, beleef ons vandag die tragiese terugkeer tot magspolitiek en tot die beleid van die daarstelling van „balance of power"-blokke. En dit is juis hierdie soort politiek, met sy verruiling van geregtigheid vir gedienstigheid, wat die een na die ander oorlog veroorsaak.

### GEWELD EN SLENTERSLAE

„Terwyl die vrede nou gestapel word is daar dringende kwessies wat nie langer op die lange baan geskuif kan word nie.

„By Yalta het ons 'n plegtige onderneming aan die Poolse volk gegee, en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar voor die hele wêreld, dat hulle ongehinderd hul eie onafhanklike demokratiese regering kan inrig. Doen ons alles in ons vermoë om hierdie onderneming na te kom?

**„Watter verskoning kan die kampvegters vir demokrasie aanvoer vir hul versuim om te protesteer teen die opslurping, by wyse van geweld en slenterslag, van die Baltiese lande in die Sowjet-Unie?**

### GODSDIENSTIGE VERVOLGING

**„Ons is geskok deur die nuus wat deursyfer uit Slowakye, Kroatië, Slowenië en ander suid-oos Europese lande. Godsdienstige vervolging, van beesagtige en geslepe aard, vier hoogty in baie lande.**

„Redes van beleid regverdig geensins ons stilswye nie.

„Die belangrikheid van 'n heropgeboude en verjongde Europa is onmiskenbaar. Europa is die wieg van die Westerse kultuur.

**„Die onmenslikhede wat 'n eienskap geword het van die massa-verskuiwing van slawe-arbeiders en die wrede behandeling van krygsgevangenes behoort geen plek in ons beskawing te hê nie".**

# 'n Les Uit Ou Athene

Gilbert Murray, eertydse professor in Grieks aan die universiteit van Oxford, skrywe in sy boek „Euripides and his age" as volg oor ou stene wat soveel geestesgoedere aan die wêreld geskenk het:

„Die deeglikste konformiste is blykbaar op hul beste wanneer hul gedwing word om te veg vir hul ideaal teen magte wat hulle mag vernietig. En 'n tradisie is gewoonlik op sy beste, nie wanneer dit universiëel aangeneem word nie, maar wanneer dit aangeval en gebreek word. **Dis dan wanneer dit leer om sy eie hart te ondersoek en tot volle ontluiking kom."**


**W. Voigt (Edms.) Bpk.**

Fabrikante van

**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie**

**Bus 10 — HUGENOOT, K.P.**

# *Politieke Slagoffers Van 'n Partybewind*



Hoofkomdt. H. A. J. Prinsloo

**Op 13 Mei 1944 te Brits in hegtenis geneem en vir ses weke in eensame opsluiting in Pretoria aangehou. Op 29 Junie 1944 op plaasarres vrygelaat. Op 14 Augustus vir die tweede maal aangehou vir 'n anderhalf week. Nog steeds op parool.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**

# Duitsers Dryf Na Wanhoop

## PARTYE BIED VOLK NET RUSIE

**Blykens 'n verslag van die Amerikaanse leër se teenspioenasiediens bestaan daar by die Duitsers in Amerikaans-besette Duitsland 'n groeiende haat teenoor die Amerikaners.**

Van Duitse kant word dit toegeskryf aan die skynbare onverskilligheid van die Amerikaners t.o.v. hul probleme. Die Amerikaners hou vir die Duitsers geen hoop, geen vooruitsigte, gee toekoms hoegenaamd voor nie. Die Duitsers dryf na wanhoop.

Die verslag maak melding van die uiteenlopende politieke denkrigtings in die land.

**Sommige moedelose Duitsers is bereid om die Kommunisme te aanvaar. Hulle gryp in wanhoop na hierdie strooitjie. Hul houding is: „Ons het niks om te verloor nie.**

### BIED NIKS

Die groot massa gematigde mense volg 'n beleid van „wag en sien", wat die pasgestigte politieke partye kan bied. Hulle voel egter dat die Duitse volk nie nou na 'n stembus kan gaan nie. **Trouens die politieke partye bied ook geen gesonde programme aan nie, want hul bedrywighede is hoofsaaklik toegespits op onderlinge bakleiery.**

Daar is owerigens die moontlikheid dat die Nazisme kan herleef. Die verslag maak melding van 'n bekende sielkundige wat verklaar het dat „die nasionaal - sosialisme nie dood is nie. Dit sal voortbestaan omdat dit die wense en begeertes van die Duitse volk vertolk het."

# Dr. Van Rensburg Op Lichtenburg

'n Geslaagde O.B.-vergadering is op 13 Nov. deur die K.G. op Lichtenburg toegespreek. Die funksie het reeds om 3 nm. 'n aanvang geneem in die vorm van 'n verkoping, waarby die bedrag van £20-14-3 ingesamel is.

Reeds by die aanvang van die vergadering was die stadsaal stampvol. Vir die eerste maal het die O.B.-wag in Wes-Transvaal die geleentheid gehad om op te tree, en hulle het van waghfkomdt. Roode toe vir sy ywer in hierdie opsig.

Die K.G. was vergesel van genl. Eloff. Nadat die vergadering deur mnr. P. de Bruyn met gebed geopen is, is die K.G. deur genl. Eloff aan die woord gestel.

Voordat die K.G. met sy toespraak begin het, het hy aan mnr. J. S. du Plessis, een van die 14 man wat op 9 Junie 1943 uit die Johannesburgse Fort ontsnap het 'n goue O.B.-wapen gesteek, waarna, onder leiding van die K.G. self hulde gebring is.

VOLKSKAS BEPERK

BELANGRIK VIR AANDEELHOUERS

Dit het by die onlangse uitsending van diwidendtjeks weereens geblyk dat talle VOLKSKAS-aandeelhouers van adres verander het sonder om die Bank daarvan in kennis te stel. **Aandeelhouers word gevolglik dringend versoek om tog die ondervermelde kantoor van alle adresveranderings te verwittig:**

Die Hoofbestuurder,<br>
VOLKSKAS BEPERK,<br>
Posbus 578,<br>
22 November 1945. PRETORIA.

Te laat vir klassifikasie

### DOODBERIG

THERON. — Skielik as gevolg van hartverlamming van ons weggeneem ons teerbeminde seun Killie. Die verlies is verbysterend. — Die bedroefde ouers en broertjie, Pieter, Esther en Combie, Majuba, Victorlaweg, Bellville.

## Advertensies Oor Radio

Die radioraad van die Suid-Afrikaanse Radiokorporasie het besluit om 'n derde programstelsel in die lewe te roep ter aanvulling van die huidige A- en B-stelsels om voorsiening te maak vir handelsadvertensies oor die radio. Die nuwe stelsel sal bekend wees as die C-stelsel.

Items wat deur adverteerders opgestel word, sal o.m. in hierdie programme verskaf word. Oor die A- en B-stelsels sal geen advertensies uitgesaai word nie, slegs oor die C-stelsel.

Die Korporasie sal adverteerders van raad bedien om hul programme op te stel, maar die hoofdoel sal eintlik net wees om te verseker dat die advertensies aan die vereistes van die radio voldoen.

## O.B.-Huwelik Op Petrusburg

Dinsdag, 6 November, is te Petrusburg in die huwelik bevestig Petrus van Wyk van Paardeberg en Maria Greyling, adjudante van die O.B.-kommando van Petrusburg. Die band is gelê deur ds. J, van der Merwe van die Geref. Kerk.

Die orrel is bespeel deur mev. Heckroodt.


Na die plegtigheid in die kerk is die gaste na die huis van die bruid se moeder waar hulle gulhartig onthaal is. Soos op egte O.B.-samekomste was ordelikheid en vriendelikheid die vernaamste kenmerke van die dag.


Komdt. Schoeman het opgetree as seremoniemeester en ds. Van der Merwe het die heildronk op die egpaar ingestel, waarop die bruidegom paslik geantwoord het. Mnr. R. J. du Plooy het toe die geleentheid gekry om die heildronk op die weduwee-moeders in te stel, terwyl mnr. I. van den Berg daarop geantwoord het. — (Ingestuur).

## *Vir Noodlydendes In Europa*

Die Vrouekommando van Kaapstad-Sentraal het op 28 November 'n musiekaand aan die huis van mnr. en mev. W. Hoffmann gehou. Daar was 35 mense teenwoordig en die bedrag van £6-2-1 is ingebring ten behoewe van die noodlydendes in Europa.

# MONUMENT VAN VERBREKING






**Op 2 November 1938, vier-en-veertig dae voor die Eeufeesviering, is een van die mooiste monumente in ons land deur die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, dr. J. F. J. van Rensburg, en komdt. Wessel Wessels by die poort van die Debora Retief-tuin te Harrismith onthul.**

Die monument is opgerig ter nagedagtenis van die vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe van Harrismith en elders gesterf het tydens die driejarige worstelstryd teen Britse agressie, en die burgers wat hul lewens neergelê het vir die vryheid van hul volk.

Ná die Eeufees, waar ons volk die geluk gesmaak het om een te wees sonder partyverdeeldheid, het Afrikanernasionalisme ontstuitbaar opgebruis tot groot ontsteltenis van ons vyande. Afrikanereenheid het gedreig om die oorwinnaar van sy troon te stoot, en op 1 Maart 1940 is 'n laaghartige aanval op hierdie volksmonument van die Brandwag-Boer gemaak deur 'n vyand wat dit nie meer kon waag om in die lig te veg nie. Die monument is geskend, maar ons volk was nog heel.

Die monument sou egter nie weer herstel word nie, so het die Afrikaners gevoel. Daar sou groter besieling uitgaan van 'n verbreekte monument. 'n Steen is aangebring met die opskrif: „Hierdie monument is op die nag van 1 Maart 1940 deur die vyand van die Boerevolk geskend."

Britse imperialisme het die Afrikanervolk egter 'n wapen in die hand gestop waarmee hy homself sou skend. 'n Jaar later het die partypolitiek ons eenheid verbreek. Geen monument kon daarvoor opgerig word nie — hoef ook daarvoor opgerig te word nie, want in die parlementsgebou in Kaapstad het ons volk 'n monument vir sy verbreking. **Solank hierdie monument staan, sal verbreekte gedenktekens soos dié te Harrismith ook toonbeelde wees van 'n verbreekte geskiedenis en 'n verbreekte vryheidstrewe, want die Unie-parlement is inderdaad ook die Britse konneksie, en solank ons dit handhaaf en aanvaar ons die Britse oorheersing en verwerp ons volkseenheid.**

### POLITIEK OOR DIE RADIO

**Verteenwoordigers van alle politieke partye sal moontlik geleentheid kry om toesprake oor die radio te hoor voor die volgende algemene verkiesing, na verklaar is deur mnr. Caprara, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.**

## Parlementslid Verongeluk

Mnr. H. C. de Wet, L.V. vir Caledon, het verlede Woensdag op sy plaas Boontjieskraal, in 'n tragiese ongeluk die lewe gelaat deurdat hy in 'n dorsmasjien beland het. Hy was 53 jaar oud. Sy stoflike oorskot is Vrydagmiddag op sy plaas ter aarde bestel. Hy word oorlewe deur sy eggenote en vyf kinders.

Mnr. De Wet was die plaaslike leier van die Verenigde Party, watter party hy ook in die Volksraad verteenwoordig het. Hy is in 1933 onbestrede tot die volksraad verkies. In 1938 het hy sy teenstander, mnr. L. H. Fick, kandidaat van die destydse Nasionale Party, met 845 stemme verslaan. In 1943 het hy die H.N.P.-kandidaat, dr. Otto du Plessis, die redakteur van Die Oosterlig wat in Port Elizabeth uitgegee word, geklop met 'n meerderheid van 1112 stemme.

Mnr. De Wet was 'n baie vooruitstrewende boer en was betrokke, as direkteur, by verskeie landbou- en plaaslike handelsondernemings.

Die dood van mnr. De Wet laat 'n parlementêre vakature ontstaan wat opgevul moet word deur middel van 'n tussen-verkiesing vroeg aanstaande jaar.

## *Pirow se Besoek Aan Hitler*

In „Die Nuwe Orde", weekblad van die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, verskyn vanaf 8 Nov. 1945, in reeksvorm, die verhaal van adv. O. Pirow se amptelike reis in Europa kort voor die oorlog, en sy besoek o.a. aan die volgende:

Salazar, Franco, Chamberlain, Hitler, Mussolini, Koning Karel van Roemenië, Koning Leopold van die Belge, Hendrik Colijn, Eerste Minister van die Nederlande.

Vir die eerste keer word besonderhede gepubliseer oor sy onderhandelinge met Hitler en andere, wat die goedkeuring weggedra het van wyle genl. Hertzog, genl. Smuts en mnr. Neville Chamberlain. Hier word die sluier gelig voor die laaste pogings tot vrede en die toestande in Europa nege maande voor die uitbreek van die oorlog, soos gesien deur die enigste persoon wat so kort agtereen met soveel leidende staatshoofde gepraat het.

Teken in op
**„DIE NUWE ORDE"**
**Posbus 1270, Pretoria.**
**Halfjaarliks 12/6. Jaarliks 25/-.**
(Advt.)

## WYNE EN BRANDEWYN

**AANDAG ! !**

**SPESIALE VERMINDERING VAN PRYSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE** (slegs geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember e.k.

**GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEMRYKE POPULARITEIT VERWERF HET . . . ONGEEWENAARD IN ELKE OPSIG.**

**PRYSLYS:**

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5-gelling-vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/3 | 10/6 |
| Wit Jeripigo | 1/6 | 8/- |
| Rooi Jeripigo | 1/6 | 8/- |
| Malmsey | 1/6 | 8/- |
| Wit Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Rooi Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Soet Port | 1/5 | 7/6 |
| Port | 1/4 | 7/- |
| Pontak | 1/4 | 7/- |
| Worcester Hock | 1/4 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Goue Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | 10/6 |
| Hanekraai | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes) | 2/9 | — |
| **FONKELWYN:** | | |
| „La Vie" | 7/6 | — |
| Monis Grand Spumante | 10/- | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/- | — |
| A. 1 | 7/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/3 | — |
| Anys | 6/3 | — |
| Gemmer | 6/3 | — |
| Van der Hum | 6/3 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/- | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |

**ENIGSTE VOORWAARDES:**

(1) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.

(2) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.

(3) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

**LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID.**

Tevredenheid onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.

Bestel nou van:
**EXCELSIOR WYNMAKERY**
**Vlakteplaas-Stasie. K.P.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Belangrike Dokument Op 1 Januarie Geopen

## INHOUD BLY DALK GEHEIM

**Op 1 Januarie 1946 sal waarskynlik een van die grootste raaisels van die geskiedenis van Suid-Afrika opgelos word wanneer 'n verseëlde dokument wat in 'n brandkas in die openbare biblioteek van Kaapstad bewaar word, oopgemaak word.**

Hierdie dokument is opgestel deur wyle sir Graham Bower, wat in die jare voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog die sekretaris van verskillende hoë kommissarisse in Kaapstad was. As sodanig was hy in al die politieke geheime van daardie dae ingewy.

Toe dr. L. S. Jameson op 29 Desember 1895 sy berugte inval in die Suid-Afrikaanse Republiek gedoen het, is dadelik — en tereg ook — vermoed dat Cecil Rhodes, indertyd Eerste Minister van Kaapland, agter die saak gesit het. **Die vraag is ook destyds dikwels gestel of Joseph Chamberlain, die Britse Minister van Kolonies, in die sameswering betrokke was of ten minste daarvan geweet het.** Chamberlain het dit egter steeds ontken. Toe 'n kommissie van ondersoek, wat deur die Britse regering aangestel is, aan die begin van 1897 allerlei getuienis oor die saak ingewin en daaroor verslag uitgebring het, was daar allerlei vrae waarop geen lig gewerp is nie.

### „GEEN ONDERSOEK"

Daarom is die kommissie selfs van Britse kant spottenderwyse as die „Commission of no enquiry" bestempel. Daarmee is die saak so gelaat tot vandag toe.

Sir Graham Bower, wat voor die kommissie van ondersoek ronduit erken het dat hy van die sameswering in verband met die Jameson-inval geweet het, het enige jare gelede, toe hy reeds 'n hoë ouderdom bereik het, 'n dokument opgestel waarin hy, soos hy self verklaar het, alle geheime wat nog aan die saak kleef, ophelder en vir die eerste maal die ware toedrag openbaar.

Hierdie dokument is vir bewaring aan die Kaapse biblioteek oorhandig met die versoek dat dit eers op 1 Januarie 1946 oopgemaak moet word. Dan sal dit presies vyftig jaar gelede wees dat die Jameson-inval plaasgevind het.

**Dit is egter twyfelagtig of die inhoud van die dokument openbaar gemaak sal word indien dit Engeland in 'n swak lig sal stel — veral in hierdie stadium waar Engeland besig is om in alle vroomheid mense te verhoor wat van „agressie" en „sameswerings" beskuldig word.**

# VAN ZYLS

**— DIE MANSUITRUSTERS —**

PAARL


**Baie groot voorraad TENNISRAKETTE op hande. HERSNARINGS van rakette onder spesiale toesig. Netjiese SNYERSPAKKE. Skrywe om maatvorms en monsters.**

BAIE GOEIE BEHANDELING
EN BILLIKE PRYSE

## Turkse Studente Val Linkse Blaaie Aan

'n Skare Turkse studente het verlede week die kantore van twee dagblaaie wat volgens hul mening Kommunistiese en Linkervleuelse neigings toon, beskadig en die drukperse vernietig, berig SAPA-Reuter uit Stamboel. Hulle het ook 'n boekwinkel in die Russiese woonbuurt verwoes.

Die polisie het probeer om die skare te stuit, maar die studente was vasberade om hul werk uit te voer en gedurende die botsings wat gevolg het, is tien persone so ernstig beseer dat hulle vir behandeling na die hospitaal verwyder moes word.



Die vrouewag wat onlangs te Bellville laer getrek het, tesame met lede van die O.B.-wag wat die kamp bewaak het, geniet hier 'n koppie koffie om die kampvuur.

## Mynwerkers Stig Eie Party Uit Wanhoop Aan Stelsel

**Mynwerkers op Johannesburg verklaar: Volksraadslede wat nog ons belange op die hart dra, word deur hul partykoukusse beheer. Ons enigste uitweg is dus om ons eie kandidate te stel wat nie deur partykwessies aan bande gelê word nie.**

Omdat die mynwerkers nie kans sien om hul belange bevorder te kry deur middel van die bestaande partye nie, gaan hulle 'n „Mynwerkersparty" stig.

Dit is besluit deur die verteenwoordigers van 152 mynskagte; 'n komitee is benoem om die voorlopige organisasie van die voorgestelde party in die haak te kry. Teen die middel van hierdie maand sal 'n massa-vergadering van mynwerkers gehou word om die Mynwerkersparty amptelik te stig.

Die nuwe party is voornemens om reeds by die volgende algemene verkiesing hul eie kandidate te stel.

### NOODSAAKLIK

Hierdie voorgenome stigting beklemtoon, uit onverwagte oord, die juistheid van die O.B.-beleid, ten opsigte van die ondoeltreffendheid en uitgediendheid van die partystelsel en die noodsaaklikheid van staatkundige hervorming ten einde ook aan die beroepe of nerings bestuurlike magte te gee.

Dat die mynwerkers as mynwerkers seggenskap in die landsbestuur wil hê is reg en noodsaaklik. Die reg en noodsaaklikheid geld eweseer vir alle ander nerings. Maar die metode wat die mynwerkers wil volg om hul doel te bereik, is verkeerd.

Geen partypolitieke regering gaan vir die mynwerkers iets doen waarvoor die mynwerkers se eie verteenwoordigers die eer gaan kry nie. Hulle verteenwoordigers gaan in 'n partypolitieke volksraad geïsoleer en magteloos wees, en hierdie isolasie en magteloosheid gaan reflekteer op die mynwerkers daarbuite.

### PARTYE IN PAD

Solank die landsbestuur gedomineer word deur verteenwoordigers van politieke partye, sal beroepsverteenwoordigers geïsoleerd en magteloos bly, en sal die probleme van die beroepsgroep onopgelos bly.

Politieke partye moet gaan. 'n Nuwe stelsel moet kom wat voorsiening maak vir 'n bestuurlike liggaam waarin uitsluitlik verteenwoordigers van beroepe of nerings sitting sal hê.

Dit wil die O.B. hê. En dit gaan kom.

Oral op die mure is daar handskrifte.

## V.S.A. Steun Iran

James Byrnes, die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, het die Iraniese regering verseker dat die V.S.A. die handhawing van Iraniese onafhanklikheid beoog. Sy nota lui dat „die Verenigde State se belangstelling vir die handhawing van Iran se soewereiniteit en gebiedsonskendbaarheid in geen opsig verander het nie".

## 7 Miljoen Werkloses A.s. Jaar In V.S.A.

**Luidens amptelike verslae sal daar aanstaande jaar 7,000,000 werkloses in die Verenigde State wees, en sal Januariemaand boonop nog 'n kwota van 1 miljoen stakers oplewer. Hierdie skattings was dusver geheim, maar dis verklap deur die minister van handel, Henry Wallace, aan die Huis van Verteenwoordigers se toekenningskomitee.**

Wallace se verslag voorspel dat die inkomste van die sakewêreld gedurende die volgende vier jaar tweekeer soveel sal wees as voor die oorlog, terwyl die inkomste van salaris- en loontrekkers met 25,000 miljoen dollar sal verminder op verlede jaar se volksinkomste van 194,000 miljoen dollar.

Die Minister het aan die Komitee verklaar dat, met 7 miljoen werkloses enersyds en 'n sakewêreld met 'n verdubbelde voor-oorlogse inkomste andersyds, hy ernstige moeilikhede te wagte is.

## Rusland Stook Rebellie, V.S.A. Ondersteun Iran

***Volgens berigte vroeër in die week het dit gelyk asof Rusland se avontuur in Iran na verwagting gaan verloop. Latere berigte dui egter op volhardende Iraniese verset — moontlik ingegee deur Brits-Amerikaanse simpatie. Jongste berigte oor die pogings van die rebelle tot verbinding met die vestingstad Merv lyk onrusbarend baie na 'n Russiese tandevertoon.***

***Amerika het intussen haar kaarte op die tafel gelê deur volle steun aan die Iraniese regering toe te sê.***

***Onderstaande is 'n relaas van die Iraniese situasie.***

„Politieke terrorisme" waaraan die Iraniese magte in die provinsie Azerbaijan hulle sou skuldig gemaak het, ten opsigte van die plaaslike bevolking, wat plaaslike regte geëis het waarop hulle (volgens Russiese mening) geregtig is, is die rede waarom hulle gekant is teen die verdere toesending van Iraniese magte na dié provinsie, het die Russe vir die Engelse vertel in antwoord op die Britse vraag insake Noord-Iran.

Die Russiese regering het die Amerikaanse voorstel dat alle vreemde troepe teen 1 Januarie uit Iran verwyder moet word, verwerp.

### OLIE-KONSESSIE

Hierdie onverbiddelike houding van die Russe het die Iraniese krisis verskerp en daar is reeds sprake van 'n moontlike opvolger vir die huidige Eerste Minister, Hakimi. Die naam van Sultaneh word genoem. Van hom is bekend dat hy bereid sal wees om al die Russiese eise om olie-konsessies toe te staan; alle manne van wie die Russe nie hou nie uit die regering te weer; en alle leiers van anti-Russiese partye uit Iran te verban.

As dit gebeur, sal dit 'n volkome oorwinning vir die Russe wees, maar 'n kwaai klap in die gesig vir die Britte en die Amerikaners. Die sterk Volkswilparty is egter beslis gekant teen so 'n stap.

### ONWETTIGE BESTUUR

In die tussentyd het die Demokratiese Party, wat die Russe glo nie steun nie, maar met wie hulle net „ideologiese meegevoel" het, verkiesing gehou in Noord-Iran. Sewehonderd demokratiese kandidate is glo verkies en 'n Nasionale Vergadering is saamgestel. In hierdie verband verklaar Premier Hakimi: „Die sogenaamde nasionale vergadering is heeltemal onwettig en die regering sal binnekort 'n verklaring daaroor uitreik".

Nadat die demokrate — soos die rebelle nou al begin bekend word — die provinsie Azerbaijan behoorlik geterroriseer het deur konstabels, offisiere en amptenare te vermoor en hul lyke te vermink, het hulle koers gevat na die „heilige" stad Meshed, hoofstad van die Provinsie Khorosan. Meshed is net 'n paar myl van die Frans-Kaspiese spoorweg van Rusland en is gevolglik in besonder goeie verbinding met die Russiese vestingstad Merv.

### BURGEROORLOG

Sake het nou ontwikkel tot 'n burgeroorlog wat van bo af beheer word deur die Russiese besettingsmagte, lui Sapa-Reuter se jongste berigte insake Iran. Stap vir stap word strategiese dorpe en provinsies van die sentrale regering geïsoleer en reeds staan slegs die helfte van die bevolking van Iran nog onder Teheran se bra onvaste beheer.

Die Iraniese regering het 'n Opperraad van ses man aangestel om nood-aangeleenthede te behartig.

Hoewel die Iraniese regering voortdurend in voeling met Moskou bly, is nog niks bereik nie. Die Iraniese ambassadeur in Washington het die V.S.A.-regering meegedeel „dat die Russe voortgaan om die rebelle in Iran te steun en dat ons daarop aandring dat hulle hul steun moet terugtrek".

### TEEN BRITTANJE

Sapa-Reuter berig dat Rusland se optrede in Iran geen altruïstiese grondslag het nie. „Die eise het niks met hervormings te doen nie. Dit gaan oor olie-konsessies en die verwydering van die Britse invloed uit Iran". Rusland sal dit nie waag om hom van sy bondgenote te vervreem ten einde hervormings in Noord-Iran deur te voer nie. Dit is duidelik dat 'n verskuiwing van die magsewewig in die Midde-Ooste aan die gang is.

Hoewel die Russiese beleid duidelik is, is die Britse houding nog duister.


BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . .

BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.


JOHAN HEFER
se duisende suksesse is U WAARBORG

Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . .
Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID
JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike Pryse. — Maklike Terme. Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER,
Hefer-Instituut,
Bus 3494, Kaapstad.



Johan Hefer

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ..................................

Adres ..................................

Ouderdom ................